Hiermee die verslag van FEBA SUID-AFRIKA Afrika. Dis in die vorm van gebedsversoeke geskryf. Dit is reeds in die grendeltyd in die Kommunikamma gesit.

Radio FEBA. Bid asseblief vir Suid-Afrika se direkteur, dr Jurie Vermeulen. Hy bestuur die kantoor in Suid-Afrika en ook ons stasies in Mosambiek, Mali, en Tsjad. Bid dat die Here vir hom krag en wysheid sal gee. Bid ook dat FEBA Suid-Afrika se span goeie ambassadeurs en rentmeesters van hulle tyd en hulpbronne sal wees. Mag elke opdrag vrugbaar wees. Bid dat elke doelwit wat vir 2020 opgestel is, bereik sal word en dat die Here die beplanning en die uitvoering daarvan, sal seën.

Ons bediening in Afrika groei vinnig. Om die langtermyn volhoubaarheid van al ons stasies te verseker, benodig ons meer ondersteuning. Die verskillende stasies in Afrika dra stewige operasionele kostes en radio's moet aan mense in die areas, wat deur ons uitsendings bereik is, versprei word. Bid saam met ons dat die Here alles wat ons benodig, sal voorsien, om die bediening te onderhou en Sy Koninkryk nog verder uit te brei.

Bid asb. dat die Here ons stasies in Malawi, Mali, Tsjad en Mosambiek sal voorsien, sodat ons kan voortgaan om meer mense te bereik.

Ons ervaar talle uitdagings wanneer ons probeer om radio's aan ons stasies in Afrika te stuur. Dit het al gebeur dat ons radio's op doeanes gekonfiskeer word sonder enige redelike verduideliking. Bid dat die Here ons sal help om 'n makliker manier te kry om radio's uit te stuur.

Bid dat die Here elke individu, besigheid en kerk wat ons bediening met finansies of gebed ondersteun, sal seën, beskerm, en voorspoedig sal maak.

Bid asb. vir al FEBA se deeltydse verteenwoordigers wat kerke besoek en met Christelike besighede ontmoet, om nuwe ondersteuners te betrek. Bid dat die Here by elke geleentheid teenwoordig sal wees en dat elke verteenwoordiger inligting oor ons bediening met passie sal oordra.

Bid asb. FEBA Zimbabwe. Die kantoor word tans deur plaaslike direkteur, Melusi Khumalo, bestuur en word deur FEBA VK befonds. Programme word saamgestel in drie hooftale; Engels, Shona en Sindebele. Hulle fokus ook op die produksie en uitsending van gospelmusiek, wat hulle gebruik om onbereikte mense, wat in dié land en die buiteland woon, te evangeliseer. Hulle hoofdoelwit is om mense na Christus te lei. Bid dat die Here al hulle pogings sal seën en dat Hy die fondse en hulpbronne sal voorsien, om die bediening nog verder uit te brei.